RAB BEHEREND

RAB Beherend Beperk
(Registrasienommer 1987/005115/06)
("RABB")

FIRSTRAND

FirstRand Beperk
(Registrasienommer 1966/010753/06)
("FirstRand")

Remgro Beperk
(voorheen Rembrandt S.A. Beperk)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
("Remgro")

Uitslag van algemene vergadering
Implementering van transaksie

Inleiding

Rand Aksepbank is gemagtig om aan te kondig dat, tydens 'n algemene vergadering wat op Vrydag 9 Februarie 2001 gehou is, RABB-aandeelhouers die uitgifte van 274 109 670 nuwe RABB-aandele aan Remgro as teenprestasie vir die verkryging deur RABB van 424 863 144 aandele in FirstRand van Remgro goedgekeur het.

Implementering van die transaksie

Die transaksie, wat op 7 Desember 2000 in die pers aangekondig is, en ingevolge waarvan:

- Anglo American plc en De Beers Consolidated Mines Beperk ingestem het om deel van hul besit van FirstRand aandele te ruil vir Remgro se aandele in Billiton plc en Gold Fields Beperk; en
- Remgro met RABB ooreengekom het om 'n gedeelte van die FirstRand-aandele wat hy ontvang het, te ruil vir nuwe aandele in RABB,

is nou voltooi. Gevolglik sal die RABB Groep nou soos volg gestruktureer wees:



Direksies van RABB en FirstRand

RABB en Remgro het ooreengekom dat Remgro daartoe geregtig sal wees om twee direkteure op die direksie van elk van RABB en FirstRand aan te stel.

In die lig van die nuwe groepstruktuur, hersien FirstRand en RABB tans die samestelling van hul onderskeie direksies. Aandeelhouers sal in kennis gestel word van enige veranderings.

Notering van nuwe RABB-aandele

Die JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika het goedkeuring verleen vir die notering van die nuwe RABB-aandele vanaf sake-aanvang op Maandag 12 Februarie 2001.

Sandton
9 Februarie 2001

Stellenbosch
9 Februarie 2001

RAND AKSEPBANK
KORPORATIEWE FINANSIERING
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk

Aksepbank en borg

Prokureurs

Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing.

Verslagdoenende rekenmeesters

PricewaterhouseCoopers Ing.
(Registrasienr. 1998/012055/21)

FCB Jonssons

1/0044 – RMBH – 33x4
AFRIKAANS – 7TH PROOF